SIL 0005-0004-016



**Beeldende kuns**

# Geen hart klop onder die verf

deur ELZA MILES

**JACOBY HOLDINGS SOMERTENTOONSTELLING. In La Chine des Tsing Mutualplein 13, Rosebank, Johannesburg. Tel: (011) 442-8014/788-9886. Tot Saterdag.**

VIR hul someraanbieding het Jacoby Holdings skilderye, etse en litografieë op die Royal Academy se somertentoonstelling in Londen gaan uitsoek. Dié stukke wat nou vertoon word, is gekies met die oog op kopers en beleggers in Suid-Afrika.

Met die deurkyk van die kunswerke in die saal kon ek nie help nie om te dink: Engelse keurigheid sonder verbeelding. As 'n mens nie kort vantevore met die jong Italianers se werk in Natalie Knight se kunssaal by Balducci kennis gemaak het nie, sou dié keurigheid jou dalk beïndruk. Nou weet jy dit is oëverblindery. Onder die keurig geverfde kleure is daar geen polsende lewe nie, met die uitsondering van die skildery van John A. Gledhill se *City Fruitstall*. Dit is die enigste stuk op die tentoonstelling wat boei ten opsigte van fel kleurgebruik, teksturele kontraste en dramtiese lig en donker newestellings.

Die ander werke op die tentoonstelling is die Engeland wat toeristeburo's vir voornemende besoekers voorhou. (Uit ervaring weet 'n mens hoe verskil die toeristiese sorgvrye en sonnige Suid-Afrika van die somber land waarin ons leef.) Dit is die Engeland vol tuine en parke: *Levens Hall Garden* (Norman Stevens A.R.A.), *Poppy Field* (O. Masi), *Heaven Sent* en *Nomies Garden* (C. March). Dit is 'n land sonder sorge want daar is geen mense vir die tuine en parke nie. Derhalwe is die werke bekoorlik.

In die stukke waarin die mens wel handelend optree, val dié kunstenaars terug op die resepmatigheid van boekillustrasies: *Seaside Rock* (Joyce Anne O'Shea), *Old Royal Observatory* en *The Hermitae* (Paul Hogarth R.A.), *Hunt in the Living Room* (M. Starveldt) en *Waiting for a Bus* (Margaret Pullee R.A.).

Raymond Rogers se twee landskappe: *Catalione in Landscape* en *Townscape with Trees* toon die vernuftige aanwending van grys en is vanuit 'n skilderkunstige oogpunt knap. Maar onder die verf klop geen hart nie en 'n mens wens hy had 'n bietjie van Joachim Schönfeldt se skildersdrif wat nou in die Mark-Kunssaal te siene is.

**Beeldende kuns**

# Twee wêrelde

deur ELZA MILES

**DIEDIE MARAIS & LUCAS SITHOLE. In Gallery 21, Victorygebou, Harrisonstraat 34, Johannesburg. Tel: (011) 838-6630/-1582. Tot Saterdag, 14 Desember.**

ELKEEN van die twee kunstenaars gee 'n aspek van die aarde/grond weer. Diedie Marais lê in helder suiwer waterverf die Suid-Afrikaanse landskap vas. Lucas Sithole gebruik hout om gestalte te gee aan die oergeeste voor geskiedenis/menseheugenis.

Deur dié newestelling van hul kuns, kom 'n mens agter waarin die verskille lê. Marais gebruik die Springbokvlakte, Oos-Kaap, Vrystaat en die woestyn/droeë streke van die Kalahari en Namibië as haar landskapsmodelle. In die stukke maak sy eintlik 'n "kiekie" van die streek onder spesifieke atmosferiese omstandighede. Die landskap bly 'n "skoon" prent buite jou ervaringsfeer. Die behendige hantering van die waterverf bly primêr en die werklike stryd om oorlewing is irrelevant.

In die panoramiese aanbieding van *Kalahari Plain Near Nossop* val Marais terug op die effens vervelige truuk wat so dikwels deur Ulrich Schwaneke gebruik word. Het dit werklik beeldende betekenis om 'n landskap in die vorm van 'n triptiek aan te bied?

Sithole herroep in sy houtbeelde die aarde wat die boom gevoed het vir die hout wat nou in 'n kunswerk omgesit word. Sou 'n mens vergeet dat die holtes en uitbultings in die beelde na natuurlike vorme verwys – oogholte, lippe, nek – en jou hand daaroor stryk, voel jy die aarde onder jou vingers. In *I've Had Enough* vergeet 'n mens dat die model 'n kameelperd was en doem 'n vreemde berglandskap voor jou op. In *Klaarwater* lees 'n mens in die vorm van 'n mitiese vis die eeuelange vloei van die riviere. Sithole bekryf nie in die vorms wat hy uit hout hou nie, maar hy herroep daarin die lewenskrag van lewensvorme. Sy beelde is aardgeeste.

Kalender 4/12/85